EXPANDO

VERWAG EN VERKONDIG DIE WEDERKOMS SÓ OM TE KAN GROEI

Dr. Malan van Rhyn

1. Hoe lyk kerke wat nie groei nie?

- Hulle wend nie ’n poging aan om te groei nie.
- Hulle dra nie die Woord uit nie.
- Hulle bid nie genoeg nie.
- Hulle leef nie heilig nie.
- Hulle ampsdraers en hulle lidmate kom nie hulle pligte na nie.
- Hulle laat hulle nie opbou in die geloof nie.
- Hulle leef nie hulle geloof daadkragtig uit nie.
- Hulle bewys nie liefde.
- Hulle is moedeloos en het nie hoop vir die toekoms nie.

2. Wat is die oplossing?

Die Skrif gee hiervoor ’n oplossing!:

Verkondig Jesus Christus <u>én</u> sy wederkoms! Dit is Jesus gedoen het, dit is wat die apostels gedoen het, dit is wat ons ook moet doen:

Gee die visie van die apostels:

1 Petrus 1:13: Wees daarom verstandelik wakker en nugter, en **vestig julle hoop <u>volkome</u> op die genade wat julle deel sal word by die wederkoms van Jesus Christus**.

Verkondig die wederkoms soos sy apostels:

2 Petrus 1:16: Toe ons aan julle die krag van **ons Here Jesus Christus en sy wederkoms bekend gemaak het,** het ons ons nie op versinsels of legendes verlaat nie.

Besef en verkondig, soos die apostels, dat om die wederkoms te verwag deel is van ware bekering:

1 Tessalonisense 1:9–10: Die mense vertel self hoe julle ons ontvang het en

- hoe julle julle van die afgode tot God bekeer het
- en nou die lewende en ware God dien
- **en dat julle sy Seun** wat Hy uit die dood opgewek het, **uit die hemel verwag,** Jesus deur wie ons gered word van die oordeel wat kom.

Besef en verkondig, soos die apostels, dat daar met ’n einddoel voor oë gewerk word:

1 Tessalonisense 2:19–20: Wie anders tog as julle is ons hoop en ons blydskap, **die kroon op ons werk waarop ons trots sal wees wanneer ons met sy wederkoms voor die Here Jesus sal verskyn?**

1 Tessalonisense 5:23: Mag God, wat vrede gee, julle volkome aan Hom toegewyd maak en **julle geheel en al**, na gees, siel en liggaam, **so bewaar dat julle onberispelik sal wees wanneer ons Here Jesus Christus weer kom!**

Besef en verkondig dat God die Vader en Jesus Christus beskryf word as “Hy wat kom”:

Openbaring 1:4–8:

Van Johannes. Aan die sewe gemeentes in die provinsie Asië. Genade en vrede
vir julle van **Hom** wat is en wat was en **wat kom**, en van die sewe Geeste voor
sy troon, **5** en van Jesus Christus, die geloofwaardige getuie, die eerste wat uit
die dood opgestaan het, die heerser oor die konings van die aarde. ...

Kyk, **Hy kom** met die wolke, en al die mense sal Hom sien, ook hulle wat Hom
deurboor het; en al die volke van die aarde sal oor Hom in selfverwyt weeklaag.
Ja, dit is seker! **8** “Ek is die Alfa en die Omega,” sê die Here God, **Hy** wat is en
wat was en **wat kom**, die Almagtige.

Daarom: Die feit dat God dit aan ons geopenbaar het dat Jesus Christus weer gaan kom, het ’n kragtige instrument in ons hande geplaas. Hiermee kan kerkgroei aangewakker word! Daar sonder is geen volhoubare kerkgroei moontlik nie.

By kerkgroei is daar twee onmisbare elemente:

Dié wat die Woord verkondig.
Die wat dié Woord hoor.

Die feit dat Jesus Christus weer gaan kom, het ’n kragtige uitwerking op albei elemente.

Die wederkoms val immers saam met die oordeelsdag.
Die wederkoms lui die lewe van ewige heerlikheid in.

Dit is egter nie ’n kitsoplossing nie, maar ’n proses!

3. Die 6 wederkomswoorde

Dit is die moeite werd om in die proses van verkondiging onderskeid te maak tussen die verskillende woorde wat in die Griekse Nuwe Testament gebruik word om die wederkoms mee aan te dui, want in die woorde self lê daar al ’n magdom gegewens opgesluit.

Die Gees het die Bybelskrywers met ’n doel gelei om spesifieke woorde in ’n spesifieke konteks te gebruik. Daar is nie minder nie as 6 verskillende woorde wat vir die wederkoms van ons Here gebruik word.

3.1 Παρουσία – *parousia – NAV en Direkte vertaling: “kom, koms, wederkoms”*

Verklaring: Dit is die sigbare **aankoms en teenwoordig wees** van die eens (na sy hemelvaart) verborge Jesus Christus by sy mense met sy wederkoms vanaf die hemel, aan die einde van die tyd, **in heerlikheid as Regeerder, Regter en magtige God,** waarvoor sy mense voorberei het, en wat gepaard sal gaan met lofprysing en eerbewys, wat sy volgelinge met hoop sal vervul en hulle omstandighede sal verander deur hulle vir ewig te verlos.

Die kernelement is: Jesus Christus sal koninklik aankom en teenwoordig wees met sy wederkoms.

Die volgende elemente word in die betekenisdefinisie van παρουσία vervat:

- Die koms van die Here Jesus Christus sal sigbaar wees en Hy sal sigbaar wees. Na sy hemelvaart is Hy tans verborge.
- Hy kom aan met sy koms en sal teenwoordig wees by sy mense.
- Hy sal van die hemel af kom.
- Hy kom aan die einde van die tyd.
- Hy kom in heerlikheid.
- Hy kom as Regeerder.
- Hy kom as Regter.
- Hy kom as magtige God.
- Sy mense berei voor vir sy koms.
- Sy koms sal gepaardgaan met lofprysing en eerbewys.
- Sy koms sal sy volgelinge met hoop vervul.
- Met sy koms sal Hy sy volgelinge se omstandighede verander.
- Met sy koms sal Hy sy volgelinge vir ewig verlos.

3.2 ’Αποκαλύπτω en ἀποκάλυψις - apokalupto, apokalupsis – NAV “verskyn, verskyning, wederkoms” eerder soos Direkte Vertaling: “Openbaar word, openbaarmaking”

Verklaring: Dit is die Godgewilde **openbaring** van Jesus Christus met sy wederkoms, sodat God, sy Woord, sy raadsplan en sy verbond volledig geopenbaar, vervul en verwesenlik kan wees en Hy vir ewig in gemeenskap met sy kinders kan wees.

Die kernelement is: Jesus Christus sal met sy wederkoms geopenbaar word.

Die volgende elemente word in die betekenisdefinisie van ἀποκαλύπτω en ἀποκάλυψις vervat:

- Met sy wederkoms sal Jesus Christus geopenbaar word.
- Die openbaring is deur God gewil.
- Met sy wederkoms sal Jesus Christus God volledig openbaar.
- Met sy wederkoms sal Jesus Christus God se Woord volledig openbaar, vervul en verwesenlik.
- Met sy wederkoms sal Jesus Christus God se raadsplan volledig openbaar, vervul en verwesenlik.
- Met sy wederkoms sal Jesus Christus God se verbond volledig openbaar, vervul en verwesenlik.
- Na afloop van die wederkoms sal God vir ewig in gemeenskap met sy kinders wees.

3.3 ’Επιφάνεια – epifaneia – NAV: “kom, koms, verskyn” DV: “Verskyning, koms”

Verklaring: Dit is die skielike en sigbare **verskyning en teenwoordig wees** van die voorheen onsigbare Jesus Christus (na sy hemelvaart), met sy wederkoms**, in Goddelike, manjifieke heerlikheid, om te oordeel, sy vyande te vernietig en sy volgelinge te verlos.**

Die kernelement is: Jesus Christus sal sigbaar verskyn en teenwoordig wees met sy wederkoms.

Die volgende elemente word in die betekenisdefinisie van ἐπιφάνεια vervat:

- Die Here sal sigbaar verskyn met sy wederkoms. Hy was na sy hemelvaart tot dusver onsigbaar.
- Hy sal skielik verskyn.
- Na sy verskyning sal Hy teenwoordig wees by sy volgelinge.
- Hy sal in Goddelike, manjifieke heerlikheid verskyn.
- Hy verskyn om te oordeel en om sy vyande te vernietig.
- Hy verskyn om sy volgelinge te verlos.

3.4 Φανερόω – phaneroo – NAV “verskyn, kom” DV: “verskyn”

Verklaring: Dit is die doelbewuste, sigbare **selfopenbaring** van Jesus Christus in die openbaar met sy wederkoms, **sodat God, sy Naam en sy werke volledig geken, vervul en verwesenlik kan word.**

Die kernelement is: Jesus Christus sal Homself met sy wederkoms openbaar.

- Die volgende elemente word in die betekenisdefinisie van **φανερόω** vervat:
- Jesus Christus sal Homself doelbewus self openbaar met sy wederkoms.
- Hierdie selfopenbaring sal sigbaar wees.
- Hierdie sigbare selfopenbaring sal in die openbaar plaasvind.
- Hierdie selfopenbaring van Jesus Christus sal tot gevolg hê dat God en sy Naam volledig geken kan word.
- Hierdie selfopenbaring sal tot gevolg hê dat God se werke volledig geken, vervul en verwesenlik kan word.

3.5 ΄Ερχομαι – ergomai – *NAV en DV: "kom, koms"*

Verklaring: Dit is die liggaamlike **koms** van Jesus Christus met sy wederkoms van die hemel af na die aarde, waartydens Hy **in die openbaar sal verskyn in krag en heerlikheid, om te oordeel en om die gelowiges te verlos.**

Die kernelement is: Jesus Christus sal (weer) kom.

Die volgende elemente word in die betekenisdefinisie van ἔρχομαι vervat:

- Jesus Christus kom weer liggaamlik, dit wil sê met sy menslike liggaam.
- Hy sal van die hemel af aarde toe kom.
- Met sy koms sal Hy in die openbaar verskyn.
- Hy sal in krag en heerlikheid verskyn.
- Hy kom om te oordeel.
- Hy kom om die gelowiges te verlos.

3.6 ‘Ημέρα – hemera – *NAV en DV: “dag”*

Verklaring: Dit is die spesiaal aangewysde eskatologiese **dag** van Jesus Christus se wederkoms om te kom oordeel.

Die kernelement is: Die dag van Jesus Christus se koms.

Die volgende elemente word in die betekenisdefinisie van ἡμέρα vervat:

- Die dag is die spesiaal aangewysde eskatologiese dag van Jesus Christus se wederkoms.
- Op die dag sal Hy weer kom om te oordeel.

Al ses die woorde word deur Bybelskrywers gebruik om na dieselfde gebeurtenis, naamlik die wederkoms van Jesus Christus, te verwys.

Deur na te gaan watter Griekse woord gebruik word, word die verkondiging van die wederkoms verryk!

4. Die doel van die openbaring van die wederkoms

’n Uitvoerige studie van die wederkoms in die Nuwe Testament toon aan dat die Here **drie hoofdoelwitte** het waarom Hy dit aan ons bekend gemaak het dat Hy weer gaan kom:

1. Om kennis oor te dra.
2. Om gelowiges in die geloof te versterk.
3. Om gelowiges tot ’n daadkragtige geloofslewe aan te spoor.

Die verband met kerkgroei is onmisbaar!

Die doel van die openbaring van die wederkoms:

1. Om kennis oor te dra.
2. Om gelowiges in die geloof te versterk.
3. Om gelowiges tot ’n daadkragtige geloofslewe aan te spoor.

Die verband met kerkgroei is onmisbaar!

Die kerk het geen getuieniskrag in die wêreld en sal nie groei nie as die kerk:

1. Nie weet en verkondig dat Jesus weer gaan kom nie
2. Nie sterk is in die geloof en standvastigheid uitstraal nie
3. Die lidmate nie sterk is in die geloof en daarom ook ’n aanloklike, sterk, beginselvaste voorbeeldlewe leef nie.

Die wederkoms word in die Skrif aan ons bekendgemaak met bogenoemde drie doelwitte. Verkondig daarom die wederkoms só om kerkgroei te bevorder:

4.1. Die wederkoms word geopenbaar met die doel om kennis oor te dra.

1.1 Die wederkoms word geopenbaar met die doel **om kennis oor die feit dat Jesus weer gaan kom en die wyse waarop Hy gaan kom, oor te dra.**

1.2 Die wederkoms word geopenbaar met die *telos* **om kennis oor te dra wat dwaalleer weerlê en misleiding voorkom.**

4.2. Die wederkoms word verkondig met die doel om gelowiges in die geloof te versterk.

4.2.1 Die wederkoms word geopenbaar **om die sekerheid te gee dat die wederkoms beslis sal plaasvind.**

4.2.2 Die wederkoms word geopenbaar **as aanmoediging tot bekering.**

4.2.3 Die wederkoms word geopenbaar **as aanmoediging om in die ware geloof te volhard.**

4.2.4 Die wederkoms word geopenbaar **om te troos.**

4.2.5 Die wederkoms word geopenbaar **om geloofsekerheid te bevorder.**

4.2.6 Die wederkoms word geopenbaar **om waaksaamheid te bevorder.**

4.2.7 Die wederkoms word geopenbaar spesifiek **om Woordbedienaars te bemoedig.**

4.3 Die wederkoms word geopenbaar met die doel om gelowiges tot ’n daadkragtige geloofslewe aan te spoor.

4.3.1 Die wederkoms word geopenbaar as aanmoediging **om voor te berei vir die koms van die Here.**

4.3.2 Die wederkoms word geopenbaar as aanmoediging **om die Here getrou te dien.**

4.3.3 Die wederkoms word geopenbaar as aanmoediging **om heilig te lewe.**

4.3.4 Die wederkoms word geopenbaar as aanmoediging tot **gebed.**

4.3.5 Die wederkoms word geopenbaar as aanmoediging **om die Woord te verkondig.**

4.3.6 Die wederkoms word geopenbaar as aanmoediging **om liefde te bewys.**

4.3.7 Die wederkoms word geopenbaar as aanmoediging **om kalm te bly.**

4.3.8 Die wederkoms word geopenbaar as aanmoediging **om die Skrif lief te hê en reg te hanteer.**

4.3.1 Die wederkoms word geopenbaar as aanmoediging **om voor te berei vir die koms van die Here.**

1 Tessalonisense 3:12–13: En mag die Here julle liefde vir mekaar en vir alle mense laat groei en oorvloedig maak, net soos ons liefde vir julle. **13** So sal Hy julle innerlik sterk **maak dat julle onberispelik en heilig voor God ons Vader sal staan wanneer ons Here Jesus kom** saam met al sy heilige engele. Amen.

2 Petrus 3:11–15 : Aangesien al hierdie dinge so aan hulle einde gaan kom, **moet julle des te meer vroom en aan God toegewy lewe**. **12 Leef in verwagting dat die dag van God kom en beywer julle daarvoor**, die dag waarop die hemel in vlamme sal vergaan en die hemelliggame sal brand en wegsmelt. **13** Maar **ons leef in die verwagting van ’n nuwe hemel en ’n nuwe aarde wat God belowe het** en waar die wil van God sal heers. **14** Daarom, geliefdes, terwyl julle hierdie dinge verwag, **moet julle julle daarvoor beywer om vlekkeloos en onberispelik voor God, en in vrede met Hom, te lewe. 15 En beskou die geduld wat ons Here met ons het as geleentheid om gered te word.**

4.3.2 Die wederkoms word geopenbaar as aanmoediging **om die Here getrou te dien.**

1 Petrus 2:12: Gedra julle altyd goed onder die heidene sodat, al praat hulle kwaad van julle asof julle misdadigers is, **hulle julle voorbeeldige lewe kan sien en God kan verheerlik op die dag van afrekening.**

4.3.3 Die wederkoms word geopenbaar as aanmoediging **om heilig te lewe.**

1 Tessalonisense 4:3–5: Dit is die wil van God dat julle heilig moet lewe. Weerhou julle van onsedelikheid. **4** Elkeen van julle moet weet dat hy met sy vrou heilig en eerbaar moet saamlewe; **5** julle moenie deur hartstog en begeerte gedrywe word soos die heidene wat vir God nie ken nie.

1 Tessalonisense 4:7: God het ons nie geroep om onsedelik te lewe nie, maar om heilig te lewe.

4.3.4 Die wederkoms word geopenbaar as aanmoediging tot **gebed.**

1 Tessalonisense 5:23: Mag God, wat vrede gee, **julle volkome aan Hom toegewyd maak** en julle geheel en al, na gees, siel en liggaam, **so bewaar dat julle onberispelik sal wees wanneer ons Here Jesus Christus weer kom!**

Openbaring 22:20: Hy wat dit alles getuig, sê: “Ja, Ek kom gou!” Amen! **Kom, Here Jesus!**

4.3.5 Die wederkoms word geopenbaar as aanmoediging **om die Woord te verkondig.**

Markus 8:38: Wie hom dan vir My en my woorde skaam te midde van hierdie ontroue en sondige geslag, vir hom sal die Seun van die mens Hom ook skaam **wanneer Hy kom** saam met die heilige engele, en beklee is met dieselfde heerlikheid as sy Vader.

Handelinge 1:8–11: Maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, **en julle sal my getuies wees in Jerusalem sowel as in die hele Judea en in Samaria en tot in die uithoeke van die wêreld**.”**9** Nadat Hy dit gesê het, is Hy opgeneem terwyl hulle dit sien, en ’n wolk het Hom weggeneem, sodat hulle Hom nie langer kon sien nie. ... **11** Dié sê toe vir hulle: “Galileërs, waarom staan julle so na die hemel en kyk? **Hierdie Jesus** wat van julle af na die hemel toe opgeneem is, **sal net so terugkom soos julle Hom na die hemel toe sien opgaan het.**

4.3.6 Die wederkoms word geopenbaar as aanmoediging **om liefde te bewys.**

1 Johannes 4:17: Hiérin het die liefde sy doel volkome met ons bereik: **ons het niks te vrees vir die oordeelsdag nie, want in hierdie wêreld lewe ons reeds deur die liefde net soos Jesus.**

1 Tessalonisense 4:9–12: Oor broederliefde hoef ons nie aan julle te skrywe nie, want julle is self deur God geleer om mekaar lief te hê. **10** En dit doen julle dan ook teenoor al die broers in die hele Masedonië. Ons versoek julle egter dringend, broers: Lê julle nog meer daarop toe. ... **12 Dan sal julle eerbare leefwyse die agting van die mense buite die gemeente afdwing, en julle sal van niemand afhanklik wees nie**

4.3.7 Die wederkoms word geopenbaar as aanmoediging **om kalm te bly.**

2 Tessalonisense 2:2: Moenie so gou verward raak of van stryk gebring word as iemand vir julle sou sê die dag van die Here is al hier nie—of dit nou vir julle gesê word in ’n profetiese uitspraak of in ’n preek of in ’n brief wat sogenaamd van ons afkomstig sou wees.

4.3.8 Die wederkoms word geopenbaar as aanmoediging **om die Skrif lief te hê en reg te hanteer**

Matteus 10:14–15: As iemand julle nie ontvang nie **en nie na julle woorde luister nie,** gaan uit sy huis of uit daardie dorp uit en skud die stof van julle voete af. **15** Dit verseker Ek julle: **Dit sal in die oordeelsdag vir die gebied Sodom en Gomorra draagliker wees as vir daardie dorp.**

Johannes 12:48: Wie My verwerp en nie **my woorde aanneem nie**, het reeds iets wat hom veroordeel: **die woorde wat Ek gespreek het, sal hom op die laaste dag veroordeel.**

Openbaring 22:7: Jesus sê toe: “Kyk, Ek kom gou! **Geseënd is elkeen wat die woorde van hierdie profetiese boek ter harte neem.”**

Slot: Die wederkoms word geopenbaar met die doel om gelowiges tot ’n daadkragtige geloofslewe aan te spoor. Verwag en verkondig dit so om kerkgroei te bevorder!

4.3.1 Die wederkoms word geopenbaar as aanmoediging **om voor te berei vir die koms van die Here.**

4.3.2 Die wederkoms word geopenbaar as aanmoediging **om die Here getrou te dien.**

4.3.3 Die wederkoms word geopenbaar as aanmoediging **om heilig te lewe.**

4.3.4 Die wederkoms word geopenbaar as aanmoediging tot **gebed.**

4.3.5 Die wederkoms word geopenbaar as aanmoediging **om die Woord te verkondig.**

4.3.6 Die wederkoms word geopenbaar as aanmoediging **om liefde te bewys.**

4.3.7 Die wederkoms word geopenbaar as aanmoediging **om kalm te bly.**

4.3.8 Die wederkoms word geopenbaar as aanmoediging **om die Skrif lief te hê en reg te hanteer.**